**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. : 363/08

In die hersiening van:-

**DIE STAAT**

*versus*

**THEMBA JUSTICE WAIZA**

---

**CORAM:** CILLIé, R *et* VAN DER MERWE, R

---

**UITSPRAAK DEUR:** VAN DER MERWE, R

---

**GELEWER OP:** 28 AUGUSTUS 2008

---

[1] Die beskuldigde is skuldig bevind aan aanranding met die opset om ernstig te beseer en gevonnis tot 2 (twee) jaar gevangenisstraf ingevolge die bepalings van artikel 276(1)(b) van die Strafproseswet, Nr. 51 van 1977. Die skuldigbevinding is ooreenkomstig die reg.

[2] Ten tye van die onderhawige voorval op 28 Januarie 2008 was beide die klaer en die beskuldigde skoliere by dieselfde skool. Beide was ten tye van die verhoor 19 jaar oud. Slegs die klaer en die beskuldigde het getuienis by die verhoor

afgelê. Daar is weinig verskil tussen die weergawes van die klaer en die beskuldigde. Vir sover hierdie weergawes wel verskil, is die getuienis van die beskuldigde minstens redelik moontlik waar en moes die beskuldigde op daardie basis gevonnis gewees het. Hiervolgens blyk dat die klaer vir die beskuldigde tydens pouse van 'n stoep by die skool gestamp het, as gevolg waarvan die beskuldigde geval het. Die beskuldigde was hieroor baie kwaad en het die klaer met 'n mes een keer op die kop gesteek. Die klaer het 'n 1 sentimeter wond op die kop opgedoen wat met een hegsteek geheg is. Die beskuldigde is klaarblyklik as gevolg van hierdie voorval daarna uit die betrokke skool geskors.

[3] Ek is daarvan oortuig dat die omstandighede van hierdie saak 'n ligter straf regverdig dan die vonnis van 2 (twee) jaar gevangenisstraf voorgeskryf in artikel 4(1) van Wet 71 van 1968. Die beskuldigde was soos voormeld ten tye van die voorval 'n skolier en is 'n 19-jarige jeugdige. Hy is ook 'n eerste oortreder. Hy het van meet af aan erken dat hy vir die klaer met die mes gesteek het omdat hy kwaad was omdat laasgenoemde hom van die stoep afgestamp het en ook erken dat sy optrede nie geregverdig was nie. Al hierdie

aspekte dui op goeie vooruitsigte op rehabilitasie. Die klaer is nie ernstig beseer nie.

[4] Die beskuldigde het gesê dat hy in besit was van die mes omdat hy dit op pad na en van die skool nodig gehad het om homself te verdedig. Dit is jammer dat 'n skolier hom in omstandighede moet bevind waarin hy ten minste dink dat hy in gevaar is op pad na of van die skool. Nogtans kan die gebruik van 'n mes op 'n skoolterrein geensins goedgepraat word nie. Na my oordeel sal 'n vonnis van twee jaar gevangenisstraf ingevolge die bepalings van artikel 276(1)(i) van Wet No. 51 van 1977 in die omstandighede van hierdie saak voldoen aan al die oogmerke van vonnis.

[5] Gevolglik word die skuldigbevinding bekragtig, maar word die opgelegde vonnis tersyde gestel en vervang met 'n vonnis van 2(twee) jaar gevangenisstraf ingevolge die bepalings van artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet, Nr. 51 van 1977. Hierdie vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 18 Junie 2008.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**C.B. CILLIé, R**

/sp